

## **Woensdag 16 Augustus**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 4:1-11**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 4:7**

**Ons is op pad na 'n ewige rus**

Die Sabbat en die rus van God wat ons hier in hierdie bedeling beleef, is maar net 'n voorloper vir die ewige rus waarheen ons op pad is. In die kerk (onthou ons as gelowiges is die kerk), en die vrede wat daar nou reeds tussen gelowiges en God is deurdadig hulle in Hom glo, is daar reeds 'n voorsmaak van die ewige rus wat vir ons wag.

In die versorging van armes, die ondersteuning van lydendes en die siekes wat besoek word, sien ons so 'n stukkie hemel van die heerlike volmaaktheid wat kom. In Openbaring 21:3 en 4 gee die Here vir ons 'n kykie hoe hierdie ewige heerlikheid lyk. Ons sal permanent by God wees en daar sal nie meer tranes, hartseer, pyn of dood wees nie.

Hiermee saam kom daar egter ook 'n ernstige waarskuwing. Nie almal gaan in die rus van God ingaan nie! Ons sien dit in die voorbeeld van die Israeliete wat nie op God vertrou het en sy beloftes geglo het nie. Hulle kon die beloofde land nie ingaan nie.

Daar is egter nog hoop. Dit is nog nie te laat nie. Daar is wel 'n dringendheid aan hierdie hoop gekoppel. Vandag nog! Moenie wag nie, want dan kan dit dalk te laat wees! Niemand weet wanneer dit sy bestemde tyd is om hierdie lewe te verlaat nie. *“Vandag, as julle sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie.”*

God se ewige rus is slegs vir diegene wat in Jesus glo as hulle persoonlike Verlosser en Saligmaker. Is God se ewige rus vir jou beskore? Glo in Jesus en begin vanuit daardie geloof leef en beleef die heerlike voorsmaak van God se ewige rus wat wag.

*Sing: Skrifberyming 18-7:1, 12*

*Ds. JG van der Walt (George) (emeritus)*